

LIPPETAAL

‘N SOLOSTUK

Deur

LIZZ MEIRING

OPGEVOER DEUR : LIZZ MEIRING
VERVAARDIG DEUR : LIZZ MEIRING
REGIE : ANNELISE BOSCH

Kontakadres vir opvoerregte:
Lizz Meiring (E-posadres: lizzmeir@global.co.za)

LIPPETAAL IS AS OPDRAGWERK GESKEP VIR KALFIEFEES
2003 Die teks en spel is deur Lizz Meiring.

Die eerste opvoering was op 8 Augustus 2003 . Hierdie aand, en die opvoering op 9 Augustus, aangebied as promosie vir *Insig* tydskrif se lesers asook vir lede van die DELABAT gemeenskap vir gehoorgestremdes is met vol huise, en staande ovasies begroet. Hierna, het Lippetaal landswyd na verskeie feeste en teaters getoer. Orals was die huise vol, die gehore ontroer .

Die drama is dikwels met die gepaardgaande optrede van ‘n gebaretaal tolk opgevoer, wat die produksie totaal toeganklik gemaak het vir gehoorgestremdes.

Die drama Lippetaal, ‘n solostuk ;het ontstaan uit gesprekke met die bekende tv aanbieder, gebaretaal tolk, en akteur Johnny Edwin Meyer. Sy kleintyd anekdotes en ervarings as volwassene is terselftetyd komies, hartseer, absurd, verassend ,deerniswekkend, amusant, en aangrypend.

Johnny is ‘n CODA – ‘n CHILD OF DEAF ADULTS – as horende kind van gehoorgestremde ouers, moes hy noodwending van jongs af, ‘n brug tussen die horende en dove wêreld wees.

Die verskynsel van CODAS is volop – genetika bewys dat slegs een persent van gehoorgestremde ouers, gehoorsgetremde kinders voortbring. Die situasie waarin ‘n CODA hom of haarself bevind, is uniek. ‘n CODA word as’t ware ‘n gedwonge dienaar van twee samelewings: die horende en die nie-horende mense, elke met sy eie taal, tradisies en waardesisteme. Die Coda word onvervangbaar, en terselftetyd onsigbaar. Omdat ‘n CODA gedurig as vertaler aangewend word, vergeet die gehoorgestremdes asook die horendes dikwels die behoeftes, denke, idees, opinies, gevoelens van die brugpersoon. M.a.w die individu binne die vel van die CODA as noodsaaklike kommunikeerder “verdwyn “ as’t ware tussen die onbedoelde vereistes van ander.

Lippetaal is geensins as ‘n dokument, drama, traktaatjie of geskrif vir of teen gehoorstremdes bedoel nie. Die gebruik van ‘n CODA as hoofkarakter, en gehoorgestremde by karakters, dien slegs as metafoor om verskeie temas te belig.

As akteur, regisseur, tv aanbieder, vermaaklikheidspersoonlikheid en dramaturg wat ‘n “publieke beroep “ beoefen, het die skrywer gewonder hoe dit voel om “onsigbaar” te wees.

Vele ander temas word vervleg in Lippetaal : Ons leef in ‘n uiters gesofistikeerde kommunikasie era, en tog : hoor ons, maar ons luister nie. Ook het die wêreld doof geword vir ons basiese menslike behoeftes. Veral Suid-Afrikaners voel deesdae dat hul hulpkrete geignoreer word. Dan ook temas soos die emosionele losmakingsproses tussen ouers en kind, vergifenis, selfaanvaarding en, volwasse wording. Die lewe is ‘n reis, ‘n labarint van nuwe paadjies en selfopgelepte doodloopstrate. Ons kry slegs voleinding, geluk en volwassenheid, wanneer ons die middelpunt van die mitologiese labarint bereik – waar ons met ons eie goed en sleg gekonfronteer word. Die minotaur, uit die Griekse mitologie, het die kop van ‘n bul (ons donker, dierlike sy) en die liggaam van ‘n man (ons beskaafde, menslike sy.)

TAALGEBRUIK EN STYL VAN DIE TEKS

Lippetaal is ‘n geheue drama. (*Memory play*)

Daar is met groot omsigtigheid verskillende gebruike vir die ouers se name bv. Pa, die Pa . Hierdie stylfiguur dien as emosionele aanduiding van wanneer die hoofkarakter, Nelda, haarself binne of buite 'n situasie sien- m.a.w wanneer sy momente herleef, en wanneer sy momente hervertel.

Daar is spesifiek by tye gebruik gemaak van engelse terminologie en woordeskat – Nelda is 'n moderne jong vrou. Dis nie in haar aard om suiwer afrikaans, of korrekte boektaal te praat nie.

'n Dramateks het geen nut as dit nie opvoerbaar is nie. In die genre, gaan dit oor hoe die dialoog klink op 'n gehoor se oor, die ritme, die tongval, die speelbaarheid van dialoog. Taalreëls en korrekte uitdrukkings het geen geldigheid by monde van 'n gekose karakter nie.

ANDER TERME IN DIE TEKS :

DOLLY WARDEN SPIEËLKAS – 'n Gewilde styl uit die sewentiger jare, die spieëlkas se blad is in die niervorm gesny, met gordyntjies voorom die laaie.

Theseus, labarint, minotour – UIT DIE GRIEKSE MITOLOGIE.

British Sign language – Feitlik elke spreektaal het sy eie gebaretaal ekwiwalent. British sign language – BSL – bestaan dus werklik.

Karakters in die solovertoning

Benewens Nelda Maarsveld vertolk die aktrise die volgende momentele personasies (altyd vertolk soos Nelda hul sou namaak)

Pa

Tannie Baby Verryn

Mr Roberts

Persoon in woonstelkompleks

Ou tannie in woonstelkompleks

Papegaai (AS AMATEURAGTIGE BUIKSPRAAK)

Jannie (BUIKSPRAAKPOP)

Sielkundige

Oom Henk

Jean – Paul

Ferdie se tante

Pastoor

Mr Solomons

Professor Economou

Thesos

Dr Evan

LOGISIEKE INFO :

TITEL VAN PRODUKSIE : LIPPETAAL

TYDSDUUR : 55 MINUTE, GEEN POUSE
GRADERING : ENKELE KRU TAAL . TEMA SAL NIE BYVAL VIND BY KINDERS ONDER 14 NIE

LIPPETAAL SOOS OORSPRONKLIK OPGEVOER

TEKS EN SPEL : LIZZ MEIRING

REGIE : ANNALISE BOSCH

STEL,BELIGTING, KLANKONTWERP& KLANK EFFEKTE: COENRAAD RALL

KOSTUUM: THOMAS THOMSON COUTURE

TEGNIесе REGIE : JOHAN HENDRIKS

GEBARE TAAL OPLEIDING, ADVIES EN TOLK- JOHNNY EDWIN MEYER

PRODUKSIEBESTUUR : THE SIXTH SENSE – (THERESA DU PREEZ)

TEGNIесе REGIE : COENRAAD RALL EN JOHAN HENDRIKSZ

SPEZIALE GRADERING : MET BYKOMENDE OPTREDE VAN ‘N OPGELEIDE GEBARETAALTOLK WORD DIE PRODUKSIE : TEN VOLLE TOEGANKLIK VIR AFRIKAANSSPREKENDE GEHOORGESTREMDES .. ADVIES OOR GEBARETAAL, OPLEIDING EN TOLKE KAN VERKRY WORD BY VERSKEIE ORGANISASIES VIR GEHOORGESTREMDES .

PUBLISITEITS EN PROGRAM INFO

LIPPETAAL bevraagteken ‘n krapperrige onderwerp : ‘waar eindig selfgeldig en waar begin selfsug ? Sê nou net jy is skielik verantwoordelik vir die voortbestaan van ‘n ander ? Byvoorbeeld ‘n nie ten volle selfbehoewende persoon, soos ‘n gestremde.Hoeveel van jouself moet jy opoffer ? In die solostuk, Lippetaal , ervaar ons die lewensverhaal van Nelda Maarsveld.. Haar ouers is doof sy is die enigste kind, en ook die enigste horende in die gesin. Dit maak haar noodwendig die tolk, die brug tussen ‘n horende en dowe wêreld.Diè sameloop van omstandighede lei tot skreeusnaakse, frustrerende en soms hartseer situasies . Die titel “Lippetaal “ (verskaf deur wyle radioman en tv persoonlikheid Cobus Robinson) verwys na die manier hoe horendes praat, met hul monde en die “liplees “ van gehoorgestremdes Diè kragtoer, wat landswyd met propvol gehore en staande ovasies begroet is, is ‘n feesviering van misterie, patos, humor en fynspot – dis warm, aards, aweregs en verassend.

KOPIE & OPVOERREGTE :

VOLLE KOPIEREG EN OPVOEREGTE BERUS BY DIE OUTEUR LIZZ MEIRING .

AANSOEKE EN OPVOERREGTE OM DIE TEKS, GEDEELTES DAARVAN OP WELKE GELEENTHEID HETSY ‘N VOLWAARDIGE OPVOERING, KUNSWEDSTRYD,TONEEL EKSAMEN, KLASWERK EN IN WELKE MEDIUM OP TE VOER MOET VERKRY WORD BY DALRO. BY

www.dalro.co.za / DALRO ,POSBUS 31627, BRAAMFONTEIN 2017 / FOON

011

DIE STEL :

‘n Labarint, gemaak uit losstaande swart paaltjies, van wisselende hoogte om diepte te gee. Langer paaltjies agter, korter paaltjies voor. Die paaltjies, op voetstukke, word verbind met rooi lappe. Die labarint vorm verskillende areas en gange, wat na gelang van die regisseur se behoefte, aangewend word om spesifieke tekstuele plekke aan te dui. ‘n Groot opgestopte papegaai hang aan die een kant van die verhoog- ook na gelang van regisseur se keuse.

Daar is geen ander dekorstukke of rekwisiete nie.

Die kostuum is een basiese kledingstuk- na gelang van regisseur se keuse.

Aanduiding van tegniese aspekte : (Volgens professionele teater terminologie)

LX – (LIGTING EFFECTS)beligtings veranderinge.

SQ – (SOUND CUES) klank effekte

PLAAS DIE GEBARETAAL TOLK IN SY EIE KOLLIG WAT HEELTYD AAN BLY , AAN DIE VOORKANT , AAN DIE EEN KANT VAN DIE VERHOOG.

LIPPETAAL – DIE VERHOOGTEKS.

LX :PRESET (VOORAF BELIGTING OP STEL) OP VERHOOG EN STEL DOOF UIT

SQ :VOORAF AUDITORUIM MUSIEK DOOF UIT

LX : VERDONKERING. (4 SEKONDES)

SQ : KAKOFONIE VAN KLANKE :

LX : LIGTE OP

NELDA KOM OP DIE VERHOOG .)

NELDA LUISTER NA KAKOFONIE

(NELDA doen die volgende net in gebaretaal)

Julle sien my nie .

Julle hoor my nie.

Ek is onsigbaar .

SQ : DOOF KAKOFONIE KLANKE UIT.

KRUISDOOF MET :

SQ : “EN HOOR JY DIE MAGTIGE DREUNING “soos kind dit lomp op die klavier speel.

(Verwysend na klankeffek)

Dit het nooit regtig beter geword nie.

Goddank die ouers het nooit besef hoe baie geld hulle gemors het op ‘n klavier vir die kind nie.

Ma het net eenmaal haar hande op die bewegende klawers kom sit , om die vibrasies te voel en gevra (*gebaretaal terwyl praat*)”**Hoe klink klank ?**”

SQ : ‘N OUERIGE MOTORENJIN WAT NIE WIL AAN DIE GANG KOM NIE

Gorro-gorro gloep.

‘n Yskoue wintersoggend –(*probeer die datum onthou*) 195..66 –

Die kind moet vir die Pa tolk watse geluide die *Chevy* se enjin maak sodat hy kan uit*figure* hoekom die *damn* ding nie wil start nie. Nou hoe ? “gorro- gorro ..gloep. ?”

Pa probeer my klanke lippees, maar lag so vir die snaakse gesigte wat ek trek , hy besef nie die handbriek is af nie ,en dis nie in eerste nie ..

‘n Half-gevriesde kind en ‘n Pa met ‘n *high-jacker* mus hol agter ‘n eiesinninge krok in die straat af.

Die hele woonstelblok se dowes hang by die vensters uit ..lag en beduie. Nou lag ek vir Pa se gesig – sy rooi wange , want ek weet dis nie van die koue nie..

SQ : Kleuterskool geraas . Soos speelgrond klanke met melodie van kindeliedjie in die agtergrond : iets soos “BabaBlacksheep “

Die kind wil *not a damn* uit die hoek uitkom.

Tannie Baby Verryn ,kleuterskool onderwyseres met die streng strepies vir wenkbroue , praat mooi, lok met lekkers en beloftes van *sing-a-longs* en vingerverf ..

Al hierdie deurmekaar geluide maak my bang – is alle horendes so ..ongeskik hard? Is ek ook so ?

Gister het sy geraas oor my geraas ..

(*As tannie Baby Verryn*) ”*Sit jou tassie saggies neer , mens roer nie ‘n lepeltjie so hard nie Wat leer jy by die huis ? ...Nelda, het jy nou net ‘n windjie gelos ? En so hard ? . Sies !.*

En vandag mag ek nie stil in die hoek sit nie. Niemand raas ooit by my huis oor stilte of geraas nie.

SQ :KLANKE VAN MESSE EN VURKE HARD , STOELE WAT RONDSKUIF , KOPPIES HARD NEERSGESIT Gehoorgestremde partytjie klanke. .

Tiende huweliksherdenking en Ma se verjaarsdag.

Die hele Dowe Gemeenskap is daar .

Fondue en “Late Harvest” en als ..

Die kaasous in die pot met die vlam onder, brand nie my mond nie – dis lekker dik en koud teen die tyd dat ek eet , want, ek moet rondspring om die “gesprekke “ tussen my mense en die genooide horende VIPS te hanteer.

Die Burgermeester , Meneer Roberts maak ‘n *speech* , praat mooi stadig en duidelik sodat ek kan tolk bo-op my *plastic* stoel met die strik om.

(Gebaretaal terwyl praat)

“Bert en Adie Maarsveld is inderdaad ..(sy weifel oor “inderdaad “ se tolkery) ‘n aanwins vir die gemeenskap.

Bert is die beste skrynwerker wat ons het, en Adie se naaldwerk is legendaries.Diè twee mense is , altyd , ondanks hul getremdheid , bereid om te help. En ons is gesëend om hulle te hê.Maar hulle is ook geseënd Die Here het vir hulle ‘n engeltjie gestuur om hulle te help en te lei. Neldatjie, ons is trots op jou.”

(Demonstreer - deur arms omhoog, hande in die lug te waai.) Hulle klap hande , vir my !

En vir ‘n ‘n paar millisekondes , is ek so sigbaar , dit skyn soos ‘n wit lig om my . ‘n Stralekrans van glorie.

Ek speel net daar vir die *VIP’S* “*En hoor jy die magtige dreuning “* op die Gemeenskapsaal se klavier .

Hoekom lyk Mevrouw-van die Burgermeester-Roberts asof sy skielik hoofpyn het ?

LX :LIGTE VERANDER

(Sy staan op haar tone asof in spieël kyk .)

(Steek haar tong uit)

‘n Pienk lel ..ugh.

(Speel met tong in mond) Lëllery, lallery , lollery ..

Kan mens se tong deurslyt ? Wear en tear ?

En diè goeters ? –(wys na ore) ..raak hulle batteries pap ?

(Gebaretaal terwyl praat) “ Here se engeltjie “ is bleddie harde werk.

Maar ek ken al die skinderstories van almal in die kompleks.

Enige tyd – dag of nag , staan ek reg : ons voordeur is permanent oop , daar’s seker drie WELCOME matte deurgetrap .

Of hulle los papiertjies :

Van woonstel nommer 316 : Die Du toits wat so kool kook :

“Kry MELK, BROOD , toilet papier (klein geskryf) En KOOL. Gaan koop asseblief.op die Du Toits se boekie. Dankie.”

Laatnag noodgevalle (*Gebaretaal terwyl praat*)

(*As persoon in woonstelkompleks*) “**Kan Nelda vir die elektrisi”en kom verduidelik wat verkeerd is ?”**

Dramatiese hulpkrete :

(*As tannie in woonstelkompleks*) Ag,Neldatjie ,jy weet ek tolk maar sleg - kom help vir Oom Doep, hy’s reg om die AVBOB man te donder , diè verstaan watse polis hy wil hê nie.

Foonoproep was my gunsteling. .Veral as daar ‘n smeersel skande by was :

Groot sensasie by nommer 106 !

(*Gebaretaal terwyl praat*)“**Tannie , tannie se skoonsuster sê , tannie se broer het haar gelos en by ‘n hoer ingetrek.**”

Snaaks, niemand het ooit gedink iets is nie vir my ore bedoel nie.

(*Wys na haarself*)

‘n Gehoorapparaat is mos veronderstel om onsigbaar te wees.

Daar staan ek op 11 , in Dokter Venter met die *connect- the- dots* moesies op sy gesig , se spreekkamer en tolk vir Pa intieme details oor sy ...sy ...prostaat .

Ek was soos ‘n bobbejaan wat ‘n slang gesien het , ek kon nie kyk nie, en ook nie wegkyk nie .En as ek wegkyk kyk van Pa , kyk ek vas in moesies Dan kyk ek na Pa , en sien sy rooi wange, en dit is nie koud nie ..

Ek voel of ek buite my lyf staan :

My Pa, my *hero* ,.. smelt voor my oë...

‘n Groot sterk man word ‘n koddige ..kaboutertjie ..met rooi wange ..

Ons kom trug woonstel toe ,ek steek die *WELCOME MAT* weg en sluit die voordeur .

Sluit my kamerdeur . Stoot die *Dolly Warden* spieëlkas wat die Pa vir die kind se verjaarsdag gemaak het , voor die deur .

Die ouers klop aan die deur , later hamer .Gil kan hulle nie.

Die kind wil *BOSTIK* aan haar boude en op die beddeken smeer , sodat sy nooit weer kan opstaan nie..

Ek vlieg weg.

SQ : Lughawe ambience en geluide .

Elke Paasvakansie – vlieg die CODA , U-A M na JSL toe. CODA – Child of deaf adults , U-A-M- unaccompanied minor .. JSL – Jan Smuts Lughawe .

Daar wag Oom Henk , peetpa , die ma se broer – lektor in Antieke Studies by UNISA.-Universiteit van Suid-Afrika.

Sy hare is *geblowwave*, hy ruik na duur *aftershave* , sy skoene het leertosseltjies op. En hy dra ‘n klein leerzipsakkie onder sy arm.

Hy’s ‘n ...oujongkêrel . Maar hy’t baie vriende ..Cyril en Jean-Paul en die ou met die snor is ..Oom ...Mavis.

Oom Henk groet groot (As Oom Henk) “*Hello my blompot “ ! Ag nee , honestly blom, jou Ma moet vir jou ordentlike baggage koop , kom ons loop voor iemand sien my beautiful peetkind travel soos ‘n peasant. “*

Ons gaan *movies* toe, kunsuitstallings waar mense met lang hare en wyepyp broeke la-a-ank na goed met verfspatsels op staar. *Shopping centers!* – ek kry klere, armbandjies ,*Yardley beginners kit skin range* en “*You’re the fire “* by Oom Cyril , ‘n haarsny by Jean-Paul (As Jean Paul) “*My God, Henk ,look at this , the hairdresser in that little dorpie cuts with a white stick and a guide dog .”*

“*Nelda.. tell the Tannie at the salon sy must ..cut die ..ends, straight.”*. (As Jean-Paul , asof hy oor haar kop praat) “*the child looks like a drowned chicken.”*

Oom Henk se huis is vol prentjies..(As Oom Henk) ”*SKILDERYE , Nelda”*.

Maar in my kamer ..die gastekamer , is daar donker kolle teen die muur met leë spykers. ..

Elke jaar vra ek , Oom Henk , waar’s die pren..skilderye wat hier hang ? Hy sê: (As Oom Henk) “*Ag, jy weet mos, ek skuif gedurig die Skilderye in my huis rond.*

Op ‘n aand Babysit sy ousie ,”Martha “ alias “Harakiri “ - my.

Oom Henk en sy vriende noem haar “Harakiri “ , -(As Henk) “*want die dierbare ou siel met die skrefies o”e ,lyk altyd of sy op die randjie van selfmoord is.”*

Kamakazi raak aan die slaap voor die TV ,ek krap in die huis rond.

Agter ‘n kas lê ‘n stapel skilderye: mans, sonder klere - **alles** wys.

Oom Henk leer my van ‘n w^ereld buite hoenderhok *size* woonstelletjies en Haas Das en Redding Internasionaal “op ‘n Saterdagand.

Hy vertel en wys prentjies van klassieke kultuur – die Renaissance , en sy *favourite* -antieke Griekse kuns , agitekatuur en mitologie.

(As Oom Henk) “*Ek wil jou kop oopmaak – jy kan nie in ‘n dowe w^ereld leef nie blom, jy is anders “*.

Hy kry skoon trane in sy o”e as hy vertel van die labarint en die Minotaur.

SQ : *Ambience van papiere wat geblaai word in ‘n woordeboek.of dalk gefluisterde groot woorde.*

“Naarstigtelik “, “noodgedwonge”, “obsessief“.

Die *moody* amper- *teenager* baklei - met groot woorde. Die HAT is haar bybel.

Praat obsessief – “Lippetaal” noem Pa my siekte- woorde wat sonder doel of konteks rondgeslinger word.

Maar hoe groter die woord , hoe moeiliker kan my donderse eenvoudige ouers my lippe volg en verstaan.

Dan los hulle my uit ! Ek wil net ‘n slag sonder my hande “gesels.”

Dowetaal is deur horendes uitgedink – maar net die nodigste begrippe is vasgestel.

Figuurlike begrippe en ons sinkonstruksie maak vir hul g’n sin nie.

“Ons lees : die dogter wil wegvlug “ dowetaal lees : “wegvlug, die dogter wil ..”

Nou hoe *struggle* jy deur *Tolstoy* ?

Ma is ‘n slim vrou , sy’s lief vir lees , maar sy’s elke twee minute in my kamer met die bleddie biblioteekboek : “*War and Peace* .” (*Met gebaretaal*) ***Ek luister Top 20!***

Vir wat het sy nie net gebly by Ena Murray se Boere Mills en Boons - liefdesverhaaltjies nie ?

Die Ma bly *smile*.

Sy weet *bleddie* goed ek is geirriteerd, maar sy bly *smile*.

Selfs as hulle sugtende familie kom kuier en ek weier om te tolk, dreig sy my - met ‘n *smile* ..

Ek sweer , as daar ooit ‘n prys was vir “*Best smile in show* “ het sy loshande die skaapagterkwart of ‘n jaar se *groceries* gewen.

SQ : *Papegaai klanke (duidelik deur ‘n mens nagmaak.)*

(Slegs gebaretaal)

Julle sien my nie , maar julle hoor my.

Die Pa wen ‘n *fake* papegaai vir die bakvissie dogter op die tombola by die Kerkbasaar.” (*Gebaretaal terwyl dialoog praat*))***Maar hy’s nie r^erig ne .”(As Pa)“Ons mag nie diere hier aanhou nie , my meidjie. .***

“En Papegaai dra siektes aan ..“Speel of hy jou kan hoor “.

(Nelda - *Aan Papegaai*) Hello !

(*Doen ‘n amateuragtige weergawe van buikspraak as papegaai*))

Hello?

Damn ! Als verleer..

Standaard vier :Johnny -‘n buikspreek met ‘n boep en ene Jannie - sy pop met goiter oë kom by ons skool optree.

Johhny en Jannie se geselsies is maar suf , (as Jannie, die pop) – “Kyk net al die kinders – dink jy hulle gaan vir my lekkers gee “ ?

Ek’s gefassineerd.

Na die show smee ek die buikspreker om my ook te leer , en ene Johhny belowe om sy “BUIKSPRAAK IS PRET “ boekie vir my te pos as ek R15 stuur.

Die posstempel is van Germiston.

Ek oefen soos ‘n bestene. En kry dit wragtig **reg**.

Selfs die moeilike klanke – soos die “b”s en “p”s . Die papegaai kan met my *chat* ! Hy’s vreeslik buierig - vloek en skel en baklei , sê nooit asseblief of dankie of jammer “as dit nie te veel moeite is nie “ nie.

Ek kon my woede en verwarring , my hartsgeheime uitgil – sonder enige reperkussies!

En dit als ,sonder om my lippe te beweeg ...

Tommie , ‘n windgat in my klas, sê ek is dom , want ek sukkel met somme , en ek het *brag* ek kan iets doen wat niemand anders kan nie , en ek demonstreer my geheime *skill* .

(In buikspraak tegniek) “**Tommie is ‘n windgat**”.

Tommie gaan huil by sy Skoolraadslid Pa ,en sy Pa stuur vir my Pa ‘n brief dat ek sy kind vloek , en besig is met duiwelspeletjies , en die onderwyseres sê : jaaaa ek toon tekens van wangedrag , en dominee word ingeroep...

En Dominee stuur my na ‘n kindersielkundige toe ..

(As sielkundige) “*Ons gaan vandag praat oor wat jou hartjie seermaak .”* Jou gevoelentjies is vasgevang , en ons moet hulle vrylaat. ”

Ek het die dik vrou in die grannyprint pinafore aangekyk soos ‘n ..soos ‘n minataur sy prooi beloer. Ggrrrr.

Ek tolk al jare grootmenstaal -verkleinwoorde maak nie my “hartjie” sag nie.

Madam *shrink* , kon niks uit my kry nie .

Die *sielkundige geval* is ongenees, triomfantelik, t’rug na haar bekommerde ouers.

Hulle maak ‘n *deal* met my – ek moet ophou in stemme praat , of die Papegaai gaan t’rug Kerkbasaar tombola toe.

Maar ek en die papegaai is soos ‘n siamese tweeling in ‘n *freakshow* – ‘n simbiose’n onheilige sameswering.

My dilemma is : Die papegaai kan ongehoord met my praat- my ouers sal niks agterkom nie,want my lippe roer nie met die buikspraak nie.

Maar as ek met hom praat , beweeg my mond, en Pa se *beady* ogies mis niks nie ..

Plan B – ontwikkel ‘n binnestem vir myself ..maar ek kan nie *nog* ‘n binnestem kry waarvan ek hou nie , dit klink soos Ma as sy probeer praat ..Liewe Heksie met ‘n gesplete verhemelte – als op een noot.

Ek probeer, maar my en die Papegaai se gesprekke word...ongemaklik , en toe Ferdie Coelyn , my vertel hulle’t sy Ouma in ‘n malhuis gesit omdat sy praat met mense wat nie daar is nie ..wel, van toe af loer ek en die papegaai maar net vir mekaar .

Later , draai ek hom muur toe. Sy verwyttende glasogies laat my skuldig voel – EK HET ONS VRIENSKAP VERAAI.

Uiteindelik voel ek so skuldig oor ek die papegaai se vriendskap weggestoot het , dat ek hom wegdraai , sy verwyttende glasogies – muur toe..

En daar bly hy op sy *spot* in die hoek ..‘n vergete *dustcatcher* .

Buitendien , ek en Ferdie Coelyn is nou pêle , en hy kan in sy eie stem praat.

Hy luister vir ure na my stories oor Griekse Mitologie – die Gode en Godinne ,en monsters....

Ek vertel hom van die labarint,en die Minotaur – En Theseus , en hy begin in hulle agterplaas ‘n doolhof met klippe bou .

Ek en Ferdie kys ..tot in sy matriekjaar.

Voor hy Maties toe is , bring hy vir my ‘n bol rooi tou en sê hy moet my vrylaat , al maak dit hom hoe seer ...Die *goodbye scene* is soos iets uit *Thornbirds* “ -erg dramaties en tranerig .

Ferdie se tante vertel my daarna –(As Ferdie se tante) “Die simpel Suster van my is bang Ferdie sit eendag opgeskeep met dowe skoonouers wat hy moet onderhou , en netnou is “sy en Nelda se ou kindjie doof ”Ek het vir haar gesê :” My Donner Ella, solank die kind net nie Ferdie se knocknees en jou benepe breintjie het nie .”

Jare later - Ferdie ,sy vrou ? Stootwaentjie , doekesak .Hulle was aan die oorkant van die straat – ek sweer hy’t ongelukkig gelyk.

Gelukkig kry ek tonne liefde by die huis :enigste kind ..en..niemand *hug* en streel soos die wat nie met woorde kan verbloem nie.

Hulle kyk jou in die oë as hulle (*terwyl sy die woord uiter demonstreer* “praat “met gebaretaal) **praat** , hulle lieg nie vir jou nie, en jy kan nie vir hulle lieg nie –want hulle verstaan die geheime tekens – die draai van ‘n kop, die lig van ‘n wenkbrou ..die trek om jou mond.

Onverwoordbare , onvoorwaardelike liefde. Ek mis dit.

En as jy die slag baklei en gatvol word - draai jou rug, of sit die lig af.

LX – Verdonkering – vir twee sekondes.

LX – Ligte op in ander area.

SQ : Rekenaar, selfoon klanke en bieps

Computers , Internet en selfone met sms funksie ..groot bevryding in die hoenderhokke.

Die ouers wil nie .Hulle raak oud en bang.

Bly maar by die faksmasjien om met die buitewêreld te praat -

Skryf briewe met die lexicon van 1000 woorde wat die kind hulle geleer het.

Die kind is klaar met skool . Wat nou ?

Swot ? Muh-huh , daar's nie geld nie. En punte's nie goed genoeg vir 'n beurs nie.

Pa trek sy kisklere aan om my van die werksonderhoud na

werksonderhoud te vat. Mens sou sweer hy's die een wat werk soek.

Ek kry nie die pos by die bank nie, die haarsalon soek iemand met 'n

diploma , die *giftshop* is op die randjie van toemaak , en die slaghuis soek 'n blokMAN.

Ek wil weg , maar ek kan hulle nie los nie.

Is daar nog 'n wonderwerke ?

SQ : Charismatiese musiek

Die Oubaas !

Ek het al van Hom vergeet. Ek weier al jare om saam kerk toe te gaan,

want Hy't nie sy deel van my kleintyd *bargain* gehou nie.:Die Here se

Engeltjie sal almal help , maar :maak my doof , of laat my ouers hoor .

Ek het vir jare geduldig gewag op hierdie wonderwerk – maar nou .. nou

moes ek die wonderwerk so 'n bietjie *opspeed*.

Onder die voorwendsel dat ek wil sien wat daar aangaan ,sleep ek my

streng Gerevormeerde Ouers na 'n Charismastiese Kerk toe :verbleikte

tent in 'n oop veld –banier “*Miracles performed in the name of Jesus .*”

Die plek is vol verplukte, desperate mense wat lyk of hulle 'n lagie stof

oorhet. Die pastoor is pienk, luidrugtig en sweterig .. hy praat nie , hy

weeklaag, soos 'n hond wat tjank vir die maan. (*As pastoor*)“*Ons is*

wurms..korreltjes stof , HELP ONS Jeeesus ! Ek is baie *.impressed*. Ek

het nie gedink 'n mens mag 'n bybel so rondswaai en slaan nie.!

Die dromme begin rol , dis tyd is om mense die hande op te lê , ek tolk

dis nou my Ma en Pa se kans is om genees te word ! Die Pa gee my 'n

kyk wat ek nooit sal vergeet nie,hy vat die Ma se hand en stap uit.

(Gebaretaal terwyl praat)***Ons praat nooit weer daaroor nie.***

LX : VERDONKERING.- 2 sekondes.

SQ: Rugby wedstrydklanke, – KOMMENTAAR IN AGTERGROND.

LX : LIGTE OP IN ANDER AREA..

Dertig Idiote baklei oor ‘n bal.Ek tolk. Pa sien dit lewensgroot op die Tv , maar hy dring aan om te weet wat sê Gerhard Viviers , of sy *hero* Zandberg Jansen.

Ek kyk na die mans se boude, en vergeet skoon om die spel te volg. Pa klop my aan die skouer ,wil weet wat die kommentators nou praat. (Met bygaande gebaretaal) **Pa, hulle vloek so, ek kan dit nie herhaal nie. !**

Hy’t selfs ‘n brief koerant toe geskryf om te kla oor publieke uitsaaiers voor sy dogter vloek.

En hy kon nooit verstaan hoekom dit nie geplaas is nie.

Dan voel ek skuldig oor ek hom *fool* , en met die volgende uitsending tolk ek nie net die game nie , maar die advertensies ook. “*You’ve got an Uncle in the furniture business,Joshua Doore.*

Pa lag en voer my biltong.

Hy is so oortuig ek hou van rugby , hy koop ten duurste kaartjies Nuweland toe, en kompleet met WP serp en mus, moet ek vir Pa se part op elke oorwinningsmoment (*halfhartig, gedwonge*) “Province !” skree.

SQ : VERKEER , STADSGERAAS.

‘n Nuwe ...*Province.* Transvaal . Pretoria. Loseer by Oom Henk wat meestal op studiereise is.

Truworths pakkie ..aktetas met net ‘n lipstiek en Harakiri se *lunchpack* in ek werk as tolk vir die Waarheidskomissie.

My skuldgevoel *strike* die *jackpot* :

Ek ,wat so desperaat wou wegbreek van diens vir dowes , misbruik hulle nou om ‘n lewe te verdien.

:”Ek’s jammer ek kan hoor , ek’s jammer ek het my arme dowe ouers gelos ,ek’s jammer ek’s wit , ek’s jammer ek’s Afrikaans.

‘n Permanente *pity party* van selfbejammering en selfhaat, terwyl ek eintlik my vryheid moet geniet !

Terwyl almal desperaat skarrel na vrede en broederskap ,maak ek onwetend net vyande by die werk.

Mr Solomons – die hoof van tolk aanstellings wat nog nooit naby ‘n dowe was nie, roep my in.

(*As Mr. Solomons*)

“Miss Maarsveld – I’ve received a complaint of unprofessional behaviour – you were, once again, too emotional during the proceedings .“

Hoe huil jy nie as ‘n dowe kind vertel hoe sy Pa en broers voor hom aan die brand gesteeek is nie?

(As Mr Solomons)

“We need our interpreters to be professional -clear-headed, focused and neutral. Perhaps you are too immature to sign for the TRC ?”

“Mr Solomons, perhaps you are unaware that interpreters too , are human, and therefore are very much affected by the barrage of misery we have to absorb every day. And as an Afrikaner, I am dismayed at the one-sided portrayal of my people “.

Ek het my volle armamentarium van groot woorde gegooi.

That went down well.

Maar die donder weet, my voorsate is nie vir alle smarte verantwoordelik nie. Miskien is ons, ..ek weet nie.

Ons is anyway deesdae stom , en as ons skree, hou die ander hulle doof .

Nou “*parrot* “ ons maar , sê wat die ander wil hoor..die nuwe rympies wat ons geleer is om te sê.

Shit ! Ek klink soos die groen onderbroek man met die Joodse girlfriend wat lyk soos sy perd.

Ek moes eenkeer ‘n *speech* van hom vir Ma op die nuus tolk – maar hy’t so baie figuurlike spraak gebruik , toe sê ek maar (*met bygaande gebaretaal*) ***Man sê : “Al is dit die Nuwe Suid Afrika , kan die wat nie saamhoort nie, nie saamleef nie..***

SQ : Harde messe, vurke, stoele wat skuif ...

T’rug by die huis.

Die Ma het arthritis en ‘n *touch Bells Palsy* ,haar *smile* hang skeef.

Die Pa sukkel met cholestrol en die gedagte aan aftrede.

Hulle het ‘n deurskynende weerloosheid.

Hulle kan nie sonder mekaar nie , check of die ander een die stoof afgeskakel het, die voordeur gesluit het , en word dan vies as die een die ander as “kêns “ beskou.

Ma straf Pa deur die TV *remote* weg te steek , en Pa kap terug deur haar *Vinolia* seep te laat verdwyn.

En dan wil hulle, hulle doodlag.

Ek werk in die *Admin* by die Sentrum vir Gehoorgestremdes en word deel van die geskinder – niemand skinder soos die dowes nie – haastige vingertjies wat skelm om hoeke wriemel.

Saans loer ek verlangend na die vermufde papegaai wat weier om na my te kyk.

Maar ‘n bekende stem kom sit in my ore. Oom Henk.

(As Oom Henk)

“Dis soos die lewe is , blom. Jy hol in gangetjies af , weg van jou eie

monster wat wag in die middel , en tot jy nie met hom baklei het , en

regtig aanvaar wie jy is nie, kom jy nooit daaruit nie.

Hy kry skoon trane in sy oë as hy vertel van die labirint van die

Minotaur- ‘n bese monster , wat in die middel van die doolhof bly .Elke

jaar ,word 7 jong meisies en 7 jong mans die verwarrende gangetjies en

doodlooppaadjies ingejaag as offerhande vir die monster.

Die minotaur kon nie hoor nie,en nie baie goed sien nie, maar dit pla hom

nie . Hy wag geduldig op sy prooi, weet hulle gaan een of ander tyd by

hom in die middelpunt uitkom.

Theseus , ‘n dapper kryger , besluit om vir eens en vir altyd met die

Minotaur af te reken. Hy gaan in die doolhof in met ‘n bol rooi tou ,merk

sy pad uit , maak die monster dood , en kom weer veilig op sy tou roete

uit.

SQ : Antieke Griekse musiek.

Aaah ! Die *cheapste* kalmeerpil op die mark – Roetine.

Werk toe, woonstel toe – die *odd Karoake* aand ,by Samie se *pub*.

Ella en Jansen is die kontrei se *local champs* met blink, blink klere en groot erns oor hulle sang*skills*.

Nie te *bad* nie – Randall en Koba-rig ;maar die *frilly harmonies* en handgebare verberg nie die groot probleem nie- (*Sing*) “I laaaf you, I honestly laaaaaf you.”

Ek probeer ‘n ou *revived 6 0’s hit* :”*Puppet on a string* “

(*Sing – asemrig en weifelend*) “I-I-I-I wonder if one day that, you say that, you care / You will say you love me madly, I will gladly, be there Like a puppet on a string ..”

Die gehoor wens hulle was doof. Ek ook.

Maar ek’s *happy* in my doodloopstraat .

Die kind is waar sy hoort.

As die ouers bekommerd is, wys hulle dit nie.

My middelmatigheid het ‘n rustige arrogansie – almal kan en wil nie

Survivor wenners wees nie.

Carpe Dieum se gat.

Dankie. Middelklas Afrikanerdom pas my.

SQ : *Tradisionele Griekse volksmusiek* –

Acropolis, Nasionale museum – saal na saal – perfekte simmetrie ,
perfekte liggame in brons gegiet-

Apollo , Adonis , Athena , Diana, Theseus ..van die minotaur.

Henk (*As oom Henk*) (“*Ag nee blom, jy’s nou te groot om “oom “ te sê*)
het my op ‘n *Gods, Graves en Scholars* toer.

Hy ween van opwinding, ek huil van tē veel. Hoeveel van die dēmn dooie
lywe met die glasoë moet ek nog deursuffer ?

Die lewendige Apollos en Adonisse maak my oë glaserig .

(*As oom Henk*) “*Nelda, kry ‘n jou hold op jou hormone – jis, dan s[^]e*
hulle ons moffies is jags .”

(*Verbaas*) Dis die eerste keer dat hy dit aan my erken.

Ek vertel hom van die kaal skilderye wat ek jare terug ontdek het.

(*As oom Henk*) “*Ek kan nie help nie Nelda, ek is gay gebore ..*”

Toemaar Henk, ons het almal ons genetiese *kinks* –ek is horend gebore.

(*As oom Henk*) “*En van wanneer af is dit ‘n probleem ?*”

“*Probeer jy bietjie jou hele lewe praat wat ander wil hê jy moet sê. Jy*
verdwyn .Wat sê die dowe vir sy tolk ?

As ek eendag vrek, spit hulle jou saam met my in.”

(*As oom Henk*) “*Nou maar, kom uit jou gat uit – of is jy so verlief op*
victim wees?

I’ve got news for you ,blom. Jou ouers cope perfek sonder jou.

Hulle't my gevra om jou saam Griekeland toe te bring. Hulle's fine, behalwe vir een bekommernis – Jy.”

SQ : Argeologiese opgrawingsplek. – mense wat gesels , sand wat geskud en gesif word, kwassies wat vee, hamers wat kap.

Die stukkies teëls val soos muistande uit die grond uit, maar die argeoloog ,Professor Econoumou met die *wavy* hare, tel elke brokkie teël op asof hy presies weet waar dit in die mosaiëk *puzzle* gaan inpas.

Ons *casual workers* op die argeologiese *site* mag nie met hom praat nie, maar sy Paddagesig loer vriendelik onder die *wavy* hare na my.

“It’s nice professor ? The mosaic , it will be nice ?”

(As Professor Economou- griekse aksent Ou man) “Nice ?” “Nice ?”

Masjiengunfire van griekse “foks en moers.”

Oops ! Henk het *strings* *gepull* om vir my die werk te kry.

Hy kan nie eers met sy Paddagesig kollega kom praat nie, want hy, Henk, sit weer terug in Suid Afrika .

Ek is so oorbluf , ek kan nie ‘n woord uitkry nie - praat skoon gebaretaal om te wys hoe jammer ek is. (*Gebaretaal terwyl praat*) **Askies, jammer, ek's so jammer.**

Paddagesig gee my ‘n vreemde kyk en strompel weg.

(As Thesos – griekse aksent , jong man)

“No worry .” Stowwerige hand vee oor my skouer.

(*Kyk op, half agtertoe . Dan behaaglike tjankgeluid – hy’s baie sexy)*

(*As Thesos :*) “*The Professor ..he crazy .*”

“Will he fire me ?”

(*As Thesos*) “*Fire ?*”

“Tell me to go ?”(wys met hand)

(*As Thesos*) “*No, no ..is ..big ...*”

“ Job ?”

((*As Thesos*) “*Ne “ (Grieks vir ja)*

“They say at least six months.”

(*As Thesos*) “*No six months “*

Will we have finished before that ?”

(*As Thesos*) “*Job for two times six months ..*”

“Really ?”

(*As Thesos*) “*We make..job ? job ..long we (wys met vinger na kop soos iemand wat dink) make plan ..*”

“ What plan ?”

(*As Thesos*) “*We buy small tile , we break , we (wys skaaf & skuur)we put ground ..job is long.*

“Don’t they know the tiles are not real ?”

(*As Thesos*) “*Ne, but is Greek way.*”

Stowwerige hande skud myne . (*As Thesos*) “*Thesos .*”

SQ :Romantiese griekse musiek –

Lippetaal , kry ‘n ander betekenis as Pa s’n.

Ek en Thesos kan skaars met mekaar praat, maar ons het nie woorde nodig nie .

Ons lippe is vir sssslurpsoene ..en Liters en liters *Ouzo* drink.

(Net gebaretaal)) Julle kan my sien.

O, Julle kan my sien.

Ek sê nie ‘n woord oor hom in my fakse huistoe nie- seks as onderwerp val daar, letterlik, op dowe ore.

Wat die oor nie hoor nie, maak die hart nie seer nie.

SQ : Lughawe klanke

Krisis in die hoenderhok.

Ma se *Bell’s Palsy* was ‘n sluimerende beroerte.

Laatnag in die woonstel gebeur .Daar was niemand om ‘n ambulans te bel nie, en hulle noodknoppie is lanklaas *gecheck* – dit het nie gewerk nie.

Twee dae en nagte van pype en hospitale.

Ek tolk niks wat die dokter regtig sê , en staan half voor hom, sodat Pa nie sy lippe kan lees nie.

SQ : BEGRAFENIS MUSIEK.

(Gebaretaal terwyl praat) “Sy gaan regkom Pa, sy gaan regkom.”

Die nuwe predikant praat so vinnig, ek sukkel om by te bly met die begrafenisrede.

Maar ek hou kop :” *We need our interpreters to be professional, focused , uninvolved.*”

Eintlik was dit ‘n genade .

Drie maande later ..selfde kerk , selfde predikant .. Pa wou nie meer nie ..die psige is magtiger as die liggaam..

Hy kon nie sonder haar nie – hy en Ma was ‘n stille simbiose – amper soos ek en die papegaai.

Die kind verstaan die ouers is weg , maar sy’t nog nie naastenby die *guts* om dit te aanvaar nie. Bly wag op ‘n faks . Al is dit nou een met die “*Pearly Gates* “ se logo op.

Die hoenderhokinwoners los die kind nie vir ‘n oomblik alleen nie.

Ek kan ‘n tuisnywerheid vir die hele Zimbabwe begin met als wat hulle aandra.

Ek deel uit , *Tupperware* vir die Du Toits wat so kool kook , die

Staanlamp en die *Dolly Warden* spieëlkas vir die twee oues in 108 van – tannie se broer het by ‘n hoer ingetrek –faam.

Die Papegaai ?

Wat maak ek met die papegaai ?

Hy’t my nodig , ek kan hom nie sommer so los nie!

Mens het darem verantwoordelikhede, magtag !

Henk kom help met die finale reëlings , ek sit ‘n *kitsch* nota om die papegaai se nek :”*Hello , Henk – hier is nog ‘n groot voël vir jou versameling , ‘seblief vat my huistoe.*”

Ek kom terug van die prokureurs .Daar’s ‘n groot gat in die sitkamer hoek.

Waar’s hy ?

(*as Oom Henk*) “*Waar’s wat ?*”

“Die papegaai, Henk !”

(*as Oom Henk*)“*Jy wou die horror op my afdwing – no go blom* “.

“Wat het jy met hom gemaak ?”

(*as Oom Henk*)“*Rubbish bin – hulle’t noutet kom oplaai.*”

‘n Volwasse vrou hardloop skreeuend met waaiende arms agter ‘n asbliklorrie in die straat af.

Die hoenderhokmense loer by die vensters uit –niemand lag nie.

Ek gee nie ‘n hel om nie –al tjank ek my oë , neus en wange rooi.

SQ : Lughawe ambience en geraas

Ek wissel tussen weeskind voel – en ‘n skuldige vryheid trek my keel toe.

SQ Argeologiese klanke soos voorheen.

En die stof!

My hande is rou van regte teëltjies tussen nagemaaikes uitgrawe en skoonmaak.

Die verneukte teëls is nie Thesos se werk nie – hy't glo maande terug al , terwyl ek in Suid Afrika was, op 'n ander *site* gaan werk.

“Why didn't Thesos let me know ?”

(as 'n ander werker – griekse aksent) “*Is Greek Way*”

Op die hoof*site* word seile gespan en van wat ek kan aflei – die griekse weergawe van *NO ENTRY signs* gesit.

Wat gaan aan ?

Nie een van die *casuals* weet nie.

Professor Economou –*clones* word na die seile begelei en word een-een deurgelaat.

Een oggend , word ek *site office* toe geroep .

Paddagesig en 'n *side-kick* wat lyk soos 'n reier in 'n polyster suit , wys ek moet kom sit.

Reier in *polyster suit* voor die woord : (As Dr Evan –*opgevoede britse aksent*) “*Miss Maarsveld* “

Hy's *obviously* nie grieks nie –ten spyte van die neus.

(As Dr Evan)*I'm Doctor Evan – , I know your uncle.*

Professor Economou tells me you might be a sign language interpreter .

“Yes , I am.”

(As Dr Evan) “*Do you sign –British Sign Language ?*

“Yes, but it’s rusty .”

(As Dr Evan)“We have a colleague from Oxford visiting us today – an expert restorer of ancient mosaics . He is somewhat hearing impaired and with all the noise on the site..

I’ll gladly help.”

(As Dr Evan)“You do understand. at present - the information is confidential ?”

“Certainly .”

Paddagesig *smile* .net effens.

Ek wou vra hoekom ‘n grootse argeologiese ontdekking *confidential* is, maar as ek nog een keer moet hoor “*Is greek way* “..gaan ek skree.

(As Dr Evan)“Miss Maarsveld,Professor Economou will take you to the site to familiarize you , before our distinguished guest arrives.”

SQ : Antieke, oer griekse musiek.

(Asof afkyk na mosaiëk)

Haaaah ..(*inase*m)

‘n Feitlik volledige mosaiëk muurpaneel –

(As Proffesor Economou)“Fourteen BC “.

Wat is dit ?

Gange, hoeke ...paadjies...’n labarint !.

“The labarynth from Crete ?”

(As Professor Economou) “Ne.” Proffesor Economou *smile* van oor tot oor – Ma se *smile*.

Hy wys met sy vinger na ‘n plek.

Die middelpunt – die Minotaur ! Maar sy kop is *missing* .

Hy lyk so half ..verslaan, onskadelik met net sy lyf.

(As Professor Economou) “Minotaur – *head of bull, body of human.*”

Die kind voel ‘n rooi tou uit haar lyf uit trek.

Dis asof dit vanself sy pad na die uitgang toe sal span..

LX – LIGTE DOOF STADIG

SQ – EINDE MUSIEK.

EINDE.